>> Besoek www.jip.co.za vir nog tienermenings >>

Ja, tieners kán

Die jeug van vandag is tog só . . . lus vir die lewe en positief. Tieners wat besluit het om nie vir "eendag" te wag om hul drome uit te leef nie, het met *JIP* gesels.

"*If the dream is big enough, the facts don't matter*."

Die woorde is met 'n swart koki binne-in Michaela Jade Wilson (18), 'n matriekleerder aan die Principia College op Oudtshoorn, se slaapkamerkas geskryf.

Michaela, wat 'n mens oorrompel met haar lewenslus en passie, was op 17 die choreograaf van 'n professionele tienerkabaret, *Gly*, wat deur Hennie van Greunen en Pedro Kruger op die planke gebring is.

> "Dit maak nie saak waar jy vandaan kom, waar jy bly of hoe *bleak* jou situasie mag lyk nie, wees oop vir geleenthede."

Daar was vyftien tienerspelers in *Gly*, wat geïnspireer is deur die televisieprogram *Glee*, en tiener-*issues* soos *gap*-jare en boelies met behulp van *funky* musiek van Lady Gaga tot Glaskas belig het.

Gly het gehore vanjaar op die Klein Karoo Nasionale Kunstefees en Aardklop laat mal gaan en het mense 'n slag laat dink oor waartoe tieners nou eintlik in staat is. Die dansers en akteurs was almal hoërskoolleerders, en die *dance moves*, in die tipiese styl van moderne musiekvideo's, was alles Michaela se handewerk.

"Dit was geluk, die noodlot, wat ook al, wat dié geleentheid oor my pad gebring het," sê sy.

"Ek het ge-*job shadow* saam met Hennie op die Innibos Kunstefees toe hy my vertel het van 'n *show* vir tieners wat hy beplan," sê sy.

Sy het haar jarelange passie vir dans (sy doen ballet, hip-hop, *ballroom* en Latynse dans), ingespan om 'n oudisievideo te maak, en het die werk gekry.

Die nege maande wat sy die dansers onder hande geneem het (sy het self ook in die produksie gedans), was volgens haar 'n *amazing* ervaring.

"Dit was eers intimiderend om vir mense te sê wat om te doen. Maar ons het gou soos 'n gesin gevoel," sê sy. "Die *cast* het so 'n goeie *vibe* en energie gehad. Al wat vir ons sleg was omtrent *Gly*, was dat ons nie saam met die gehoor kon kýk nie!"

Michaela Wilson, wat op 17 die choreograaf was van die kabaret *Gly*.

Voorbereiding en optredes vir *Gly* het meer as 'n jaar gekos en tussendeur het Michaela ander interessante dinge ook aangepak.

Dit sluit in *job shadowing* saam met Mark Hoeben, 'n bekende Argentynse tangodanser, die musiekspel *Annie* in die George Artsteater, 'n musiekvideo vir die groep Jozi én om te swem saam met reusagtige Nyl-krokodille vir 'n fotosessie van die Britse koerant *The Sun*.

Michaela glo passie is die belangrikste bestanddeel in net mooi enigiets wat 'n mens aanpak.

"Dit maak nie saak waar jy vandaan kom, waar jy bly of hoe *bleak* jou situasie mag lyk nie – wees oop vir geleenthede," sê sy.

Sy gaan volgende jaar begin drama swot aan die Universiteit van die Vrystaat en droom van 'n loopbaan in die kunste.

"Dis ver van die huis af, maar ná 'n ope dag waar die inspirerende prof. Jonathan Jansen gepraat het, ek ek besluit ek gaan daar in veilige hande wees," sê sy.

Yskoud, maar vuurwarm

Henko Roukema (19) het vanjaar in yswater geswem, op 'n gletser gekampeer, ysbere van naby (en in hul natuurlike habitat) gesien en worsbroodjies geëet terwyl hy n paar honderd meter bo die Arktiese See teen'n vertikale rotswand uitgeklim het. Dié jong avonturier was een van agt gelukkige 15- tot 20-jariges van regoor die wêreld wat in Augustus deel was van die Mike Horn Young Explorers-ekspedisie na die Baffin-eiland in Nunavut, Arktiese Kanada. Die Mike Horn-program, wat deur dié legendariese avonturier begin is, gee jongmense die geleentheid om die skoonheid van die natuur in die verste uithoeke van die aardbol *up close* en *personal* te ervaar. Wanneer hulle van dié reise terugkeer, moet hulle 'n boodskap oor volhoubare natuurbewaring versprei.

"Mike glo die energie van die jeug is die grootste energiebron ter wêreld," vertel Henko, wie se reis ten volle geborg was. "Daar is so baie geleenthede daar buite. Jy moet as jongmens uitdagings aan jouself stel en hard werk daarvoor. Ek het toevallig van die projek uitgevind en het aansoek gedoen. 'Ek is gekies vir 'n keuringskamp in Switserland en toe as deel van die ekspedisie-span."

Dié reis het beteken Henko en sy spanmaats, van lande soos Pole, Duitsland en China, het 21 dae op die boot Pangaea deurgebring. Hulle het navorsing gedoen oor ysgrond (*permafrost*) en die plantegroei én 'n kans gekry om oor sneeu en ys te *hike* en Innuïete (Eskimo's) te ontmoet. Daar was ook tyd vir ékstra avontuur.

"Ek het 'n rekord opgestel deur die wêreld se mees noordelike ysswem, van 1 myl en in 4 °C, af te lê," vertel Henko.

Die doel was om mense van klimaatsverandering bewus te maak. Hy het al voorheen 8 km van Robbeneiland af geswem en is 'n menseredder by Bloubergstrand. Volgens Henko het die ekspedisie hom geleer hoe belangrik spanwerk en uithouvermoë is én hoe noodsaaklik dit is om nie net lief te wees vir die natuur nie, maar iets te doen om dit te beskerm. "Ek het meer geleer tydens dié ekspedisie as in my hele skoolloopbaan."

Dié eerstejaarstudent in maritieme studies aan die Kaapse Skiereilandse Universiteit van Tegnologie wil dalk eendag 'n skeepskaptein word wat 'n boodskap oor natuurbewaring versprei.

"As jou drome jou nie bangmaak nie, droom jy nie groot genoeg nie."

■ **Lees gerus meer by www.mikehorn.com.** **– Riëtte Grobler**

Henko Roukema op die Mike Horn Nunavut-ekspedisie na Baffin-eiland in die Arktiese-eilandgroep.
FOTO: DMITRY SHAROMOV

Tieners sê. . .

Rozanne Els, **Reza van Rooyen** en **Elaine Swanepoel** het met tieners gesels oor wat hulle positief maak:

Pirow Bekker, gr. 11, Hoërskool Linden in Johannesburg: "Ek is verskriklik positief oor my toekoms. Daar is soveel ruimte vir vooruitgang, veral wat tegnologie en globalisering betref. Spesifiek die tegnologiese vooruitgang van die internet en kommunikasie spoor my aan."

FOTO: ELAINE SWANEPOEL

Landi Ehlers,gr. 11, Hoër Meisieskool Paarl: "Positiwiteit begin by jouself. Dit is 'n wilsbesluit wat jy moet neem om die beste in alles raak te sien. Ek word opgewonde wanneer ek die kans gegee word om 'n bydrae in iemand se lewe te maak. Netbal is een van my grootste passies, en dinge soos die see, natuur, diere en verrykende uitdagings inspireer my."

Foto: MICHAEL HAMMOND

Ethan Lee Chellan, gr. 12, Hoërskool Tulbagh: "Wat my opgewonde maak, is om elke nuwe oomblik te waardeer. Ek is deel van die jeug wat môre se leiers gaan word. Dis goed om te droom, want die kans dat dit 'n realiteit sal word, is 99,99%. Leef voluit!"

FOTO: MICHAEL HAMMOND

> "As jou drome jou nie bangmaak nie, droom jy nie groot genoeg nie."